

Vernuwing in die prediking in die lig van hedendaagse lewensbeskoulike tendense?

J.M. Vorster

Departement Ekklesiologie & Dogmatologie

Potchefstroomse Universiteit vir CHO

POTCHEFSTROOM

Abstract

Renewal in preaching in view of trends in contemporary philosophies of life?

Many homiletics are of the opinion that the practice of preaching is in a crisis. In this regard the following questions are asked: Is preaching still effective? Is the preacher really able to reach modern man and is the monological nature of preaching still valid in a modern world? This article focuses on these questions and the premise of the discussion is that modern man is influenced by his context to such an extent that he experiences preaching as ineffective. To prove this statement, the article pays attention to the history of preaching, the crisis of contemporary preaching and the authority of preaching according to the Bible. In view of this information the above-mentioned questions are discussed from a Reformational perspective with special reference to the quest for renewal in preaching.

1. Inleiding

Prediking soos dit tradisioneel in kerke gefunksioneer het en steeds funksioneer, kom al hoe meer in gedrang. Runia (1981:6) stel dit selfs skerper wanneer hy van mening is dat daar in kerklike kringe 'n aanval geloods word op prediking. Jonker (1976:11) het lankal reeds dieselfde versugting uitgespreek. Vrae wat telkens opduik, is onder andere die volgende: Raak die prediking van ou waarhede die moderne mens nog? Het die mens werklik nog 'n behoefte aan prediking met 'n kerklik institusionele karakter? Is die monologiese aard van prediking nog van

pas as die beste wyse van kommunikasie vandag? Is die lae bywoning-syfer van eredienste nie 'n bewys dat die tradisionele prediking nie meer sy doel bereik nie?

As verdere regverdiging vir die aanval op die prediking word selfs verwys na die opkoms van informele godsdienstige groepe waar prediking vervang word met getuiesse. Ook word verwys na die toenemende vervanging van formele prediking deur vorme van gesprek, dialoog en elektronies-visuele voorstelling van Bybelgedeeltes. Op grond van hierdie verskynsel is dit duidelik dat prediking op sigself onder die kritiese soeklig van die moderne gelowige gekom het (Thielicke, 1965:1). Die vraag is dus: Moet prediking drasties vernuwe of verander word om weer tot die moderne mens te spreek en hom te motiveer? (Ries, 1961:13).

In hierdie artikel word op dié vraag ingegaan. Vanuit gereformeerde hoek word eerstens oorsigtelik gekyk na die geskiedenis van prediking en daarna na die lewensbeskoulike faktore wat aanleiding gee tot die 'krisis' van prediking vandag. Daarna word aandag gegee aan die gesag en konteks van prediking en ten slotte word die vraag behandel of vernuwing in prediking die antwoord is.

2. Die geskiedenis van prediking

Bright (1977:164) sê tereg: "The church lives, let it be repeated, in her preaching, always has and always will". Stott (1982:15) huldig dieselfde standpunt met sy stelling:

Preaching is indispensable to Christianity. Without preaching a necessary part of its authenticity has been lost. For Christianity is, in its very essence a religion of the Word of God.

Die geskiedenis van prediking bewys die waarheid van hierdie woorde. In al die periodes van die kerkgeskiedenis kan daar bewyse gevind word dat prediking as sentrale deel van die funksionering van die kerk in mindere of meerdere mate hoog aangeslaan is. Dit is so ten spyte van die feit dat mense in verskillende tye met verskillende 'ore' en uit verskillende kontekste geluister het (Dingemans, 1991:85). Die volgende kort oorsig oor die geskiedenis bewys die feit duidelik.

2.1 Die vroeg Christelike Kerk tot 600 n.C.

Gedurende hierdie periode het twee tendense die prediking wesentlik beïnvloed. Die eerste drie eeue was eeue waarin die prediking onder vervolging geskied het. Daarna het die periode van vryheid onder Konstantyn aangebreek. In die eerste periode was die prediking kragtig en veral eskatalogies gerig. Hierdie prediking het saamgeval met 'n besondere sterk sendingywer (Dargan, 1974a:34). Ver al die invloed van die apostoliese vaders se prediking, sowel as al hulle ander geskrifte, was prominent in hierdie periode (Walker, 1992:42). Sowel Justinus die Martelaar as Tertullianus het in hulle apologieë melding gemaak van die sentrale plek wat prediking ingeneem het in die byeenkoms van gelowiges. Ook Ireanaeus het die taak van die biskoppe om te volhard in die prediking van die Apostels beklemtoon. Twee eredienste het in die vroeë kerk op Sondag, die dag waarop die opstanding herdenk is, plaasgevind. By albei dienste was Skriflesing en prediking prominent (Cairns, 1982:83).

In die tweede periode, toe die vervolginge van Christene gestaak is, het heidense invloede die kerk binnegedring. Prediking was steeds hoog aangeslaan in die eredienste, maar het 'n sterk sinkretistiese karakter begin vertoon. Die gnostiese krisis het die inhoud van prediking wesentlik beïnvloed, maar die feit van prediking het onaangemas gebly en 'n amptelike karakter gehad (Latourette, 1953:211). Prediking het egter nie meer sterk eskatalogiese trekke gehad nie, en is innerlik verlam deur die dwaalleer van die tyd. Voorts het die kuns van Griekse retoriek die vorm van prediking bepaal: die vorm het naamlik belangriker geword as die inhoud. Hoewel prediking dus steeds die sentrum van die erediens gevorm het, het dit 'n sterk formalistiese aard aangeneem en sodoende sy vroeë vitaliteit ingeboet.

2.2 Die Middeleeue

Dargan (1974a:105) toon aan dat prediking in die periode 430-1095 'n afplatting en weer 'n oplewing getoon het. Saam met die sterwende Rome het daar ook verval in die prediking ingetree ten spyte van die verfrissende teologiese werke van Augustinus en Ambrosius. Hierdie tendens het voortgeduur tot diep in die Middeleeue omdat die prediking uit die sentrum van die erediens verdring is deur die Roomse Mis. Die krag van prediking as die voedingsbron van die Christelike lewe het plek gemaak vir 'n

formalistiese sakramentsbeleving met geen dinamiek vir die Christen se lewe nie.

Die prediking is egter weer in ere herstel deur die rondreisende monnike van die bedelordes. Stott (1982:21) sê hieroor:

The history of the pulpit as we know it begins with the Preaching Friars. They met and stimulated a growing popular demand for sermons. They revolutionized the technique. They magnified the office.

Hierdie monnike het prediking in eenvoudige vorm en sonder ingewikkelde retoriese beginsels weer by die gewone bevolking gebring.

2.3 Die Renaissance en die Reformasie

Die gees van die Renaissance het op sy manier weer bygedra tot die opbloei van prediking. Die liefde wat dié stroming vir die Klassieke ontwikkel het, het binne die kerk ook inslag gevind. Dit was die sogenaamde Christelike humanisme wat die studie van die Christelike Klassieke gestimuleer het. Hieruit het Erasmus weer die belangrike rol van prediking opgediep en die priesters herinner aan hulle belangrikste taak, naamlik die prediking van die Woord (Walker, 1992:410).

Groot klem is op die prediking gelê deur Luther, Zwingli en Calvyn. Vir hulle was die preekstoel belangriker as die altaar. Volgens hulle het die suiwerheid en geestelike gesondheid van die kerk berus op die prediking. Daarom is prediking die hoogste opdrag aan die prediker. Calvyn (1949: 44) het die prediking beskou as een van die merktekens van die ware kerk. Waar die Woord van God suiwer gepreek word en die sakramente suiwer bedien word, daár is die kerk van Christus.

Die Skrifverklarende, eenvoudige prediking van die Hervormers het by Calvyn 'n hoogtepunt bereik, in so 'n mate dat hy die leiersfiguur in hierdie opsig geword het. Hy het vers vir vers in sy preke verklaar en het hom heeltemal bevry van die skolastiese invloed wat die algemene prediking van sy tyd in die Rooms-Katolieke Kerk oorheers het. Oor Calvyn se preke sê Dargan (1974a:449):

There is a quickness of perceptance, a sureness of touch, a power of expression that unite to make the thought of Scripture stand out and produce its own impression without the aid of the orator's art. The style was clear,

vigorous and pointed, without ornament, but chastely and severely elegant; without warmth, but intense and vigorous.

Die Engelse Hervormers was ook sterk deur Calvin beïnvloed. Hulle het sy siening aanvaar dat sakramentsbediening ten diepste ook Woordbediening is en dat die Woordbediening sentraal moet staan in die kerklike lewe. In hierdie verband kan veral gewys word op Latimer wat juis deur sy kragtige Skrifprediking die Reformasie in Engeland bevorder het. Ook hier het die Woordbediening die sentrale plek in die erediens ingeneem. Reformatoriese predikers soos Cranmer, Ridley, Hooper, Coverdale, Parker en Jewel het dieselfde benadering gehad.

Die prediking, soos dit gestalte gekry het tydens die Hervorming, is in die laat-sestiende en sewentiende eeu voortgedra deur die Puriteine en die Evangehesgesindes. Hoewel daar onderlinge aksentverskille was, het Skrifprediking by hierdie bewegings sentraal gestaan. Prominente figure was Newton, Venn, Berridge en Grimshaw (Dargan, 1974b:305) asook Baxter, en in die VSA Mather (Stott, 1982:31).

Naas die Puriteine en die Evangeliesgesindes moet ook gewys word op die rol van die Herlewingsbewegings. Die bewegings van die agtiende en vroeg-negentiende eeu het die konsep van prediking op wye vlak bevorder. Hoewel die prediking nie in alle opsigte die idees van die Reformasie bevorder het nie, en selfs sterk Remonstrantse dogmas weerspieël het, het dit die teorie van prediking help opbou. Die twee bekendste predikers van hierdie stroming was Whitefield en Wesley.

2.4 Die moderne tyd

In die geskiedenis van prediking kan onder die moderne tyd verstaan word die *Aufklärung* en daarna. Hierdie tyd vorm 'n eenheid omdat dit die stempel van rasionalisme op die prediking geplaas het. Stromings soos die Ewolusionisme van Darwin, die Positivisme van Comte en die Sosialisme van Marx het mense anders laat kyk na die Bybel. Die gesag en betroubaarheid van die Skrif is bevraagteken. Die hoë Skrifkritiek het opgang gemaak (Cairns, 1982:412). Vir die prediking het hierdie ontwikkelinge ingrypende implikasies gehad. Die Bybel is op rasionele wyse gedissekteer totdat uiteindelik net die etiese imperatiewe van die Skrif oorgebly het. Prediking het op wye vlak verval in etiese rigtinggewing en so het die Social Gospel van die laat-negentiende eeu

ontwikkel. Die evangelie is deur baie gesien as 'n boodskap van hierdie wêreld vir hierdie wêreld ten einde materiële nood uit te skakel en die maatskaplike lewe van mense te verbeter.

In die twintigste eeu is op hierdie tema voortgebou. Bultmann (1967:1) met sy hermeneutiese metode van ontmitologisering het die prediking van die Woord verder op die etiese pad gestuur. Die rigting is aangevul en versterk deur die Ekumeniese Teologie met sy klem op politieke prediking. Binne hierdie teologie is die Bybel beskou as 'n historiese handleiding vir die politieke bevryding van verontregte mense (Vorster, 1981:242). Die Skrifkritiek en die prediking wat daaruit voortgevloei het, het die prediking in die moderne tyd die kenmerk van 'n horisontalistiese moralisme gegee.

Die kort oorsig van die prediking in die moderne tyd sal egter onvolledig wees as nie ook gewys word op die opkoms van die Pinksterteologie nie. Dié stroming het veral in die twintigste eeu ontwikkel en word vanweë sy dinamiese groei beskryf as die 'Derde Mag' naas die Protestantisme en die Rooms-Katolisisme (Cairns, 1982:457). Verskeie godsdienstige groeperinge het uit die rigting ontstaan. By hulle het die beoefening van die geestesgawes, op Nuwe-Testamentiese model, die prediking in die skadu gestel. Prediking was ook hoofsaaklik emosioneel en fundamentalisties ingestel.

Dié beweging is opgevolg deur die Charismatiese Beweging wat dieselfde idees in bestaande kerke laat posvat het (Smith, 1992:125). Benewens die sterk rasionalistiese trekke wat die Skrifkritiek en die Politieke Teologie aan die prediking in die twintigste eeu gegee het, het die Pinksterteologie en die Charismatiese Beweging prediking op 'n emosionele en fundamentalistiese wyse tot gevolg gehad. Albei tendense kenmerk die kerk vandag. Sowel Skrifkritiek as fundamentalisme is trekke wat in die moderne prediking gevind word. Pluralisme in prediking in dieselfde kerklike tradisie het as gevolg hiervan in die laat-twintigste eeu vinnig toegeneem (Wuthnow, 1993:25).

Uit bogenoemde blyk dit duidelik dat prediking deur die eeue heen, in mindere of meerdere mate 'n sentrale plek in die kerkdienste ingeneem het. Prediking is ook grootliks bepaal deur die gees van die tyd (Winter, 1974:207). Op die oog af blyk dit dat die geskiedenis van prediking 'n bewys bied vir die stelling van Dingemans (1991:12) dat die mens die

uitgangspunt van die prediking moet wees. Die lewensbeskoulige en kulturele konteks van die mens stel volgens dié beskouing die norme en aard van prediking binne 'n bepaalde situasie vas. Verandering van konteks moet dus vernuwing in prediking tot gevolg hê.

Tans is prediking weer in gedrang. Kritiek op die tradisionele preek het verhewig (Martin, 1967). Die vraag is: Waarom voel mense nie meer betrek deur die monologiese preek nie? Waarom het prediking wat vir eeue die toets van die tyd deurstaan het nou so hewig onder skoot gekom? Myns insiens moet die antwoord, in aansluiting by die stelling van Dingemans, gesoek word in die invloed van die moderne mens se milieu. Om die stelling te verduidelik moet die kernmomente van die moderne miheu toepaslik belig word. Hieraan word vervolgens aandag gegee.

3. Die krisis van die hedendaagse prediking

Wanneer die milieu van die moderne mens bespreek word, verdien drie sake besondere aandag: dit is onderskeidelik die wêreldwye proses van sekularisasie wat die vrug is van die moderne tyd, die opkoms van die postmodernisme as 'n nuwe paradigma en die kubernetiese rewolusie.

3.1 Sekularisasie

Sekularisasie word oor die algemeen vertolk as 'n beskrywing van die proses van ontkerstening wat hom oor die afgelope dekades oor die wêreld voltrek het. Dié term beskrywe die afname van die invloed van die Christendom in die lewe van die moderne mens (Pannenberg, 1988:4; Smith, 1985:36). Dekker (1991:135) gebruik in hierdie verband die uitdrukking *Godsverduistering*. Vir die moderne mens met sy rasionele inslag, sy intellektualisme, sy tegnokratiese lewe en vertroue in die wetenskap het die metafisiese en daarmee God en sy openbaring uit die gesigsveld verdwyn. Daarmee het 'n skeiding ingetree tussen godsdiens en lewe, geloof en wetenskap en kerk en wêreld. Die aandag word van God verskuif na die mens en van die Christosentriese na die humanistiese. In sy wese is sekularisasie met sy humanistiese ondertone volgens Van Riessen (1953:26) die onafhanklikheidsverklaring van die mens en die geloof in selfverlossing.

Hierdie proses het ernstige implikasies vir die prediking gehad (Vos,

1995:3). Die moderne kultuur het die mens so rasionalisties ingestel dat hy nie meer kan glo nie. Hy is geleer deur sy tyd om alles met die rede te weeg en te meet; daarom kan prediking wat wesentlik rus op geloofs-aansprake oor die openbaring van God die mens nie meer aanspreek nie. Die rasionalisme het die 'ontvanger' weggedraai van die 'sender'. Daar het soos Dekker (1991:135) sê, 'n verduistering plaasgevind sodat die mens God nie meer kan 'sien' nie. Volgens De Klerk (1979:68) het sekularisasie die basiese kultuurpatroon, "dit wil sê, die lewenstyl volgens 'n bepaalde rangorde van waardes geword. Die rangorde van waardes hang saam met die geslote wêreldbeeld, wat geen plek het vir die wêreld van God of die boodskap van die koninkryk van die hemele nie".

Die proses van sekularisasie met sy modernistiese inslag het die moderne mens uiters krities ingestel teenoor die prediking (Farley, 1990:131). Veral die dogmatiese of metafisiese aspekte van prediking het onder skoot gekom. Wat vir die menslike intellek onbegryplik is, soos die wonders, die buitengewone en onaantasbare, is onder verdenking geplaas. Dogmas soos die hemelvaart, opstanding en wederkoms van Christus moet opnuut geïnterpreteer word. Alle irrasionele en onbewese uitgangspunte moet geherinterpreteer of reggeskaaf word totdat dit die moderne mens raak. In hierdie proses het die Teologie van Sekularisasie 'n groot aanslag geloods op die konvensionele Christendom (Heyns, 1969:124).

Saam met die dogmatiese 'onhoudbaarhede' van die prediking het ook die etiese rigtinggewing van prediking in gedrang gekom. Prediking wat 'n eie Christelike lewenswyse van vroomheid en godsvrug nagestreef het, is uit die gesigsveld geskuif. Die belang van die Godsregering deur die geskiedenis en die kerkhistoriese insigte vir die prediking is nagelaat (Barkley, 1990:4). In plaas daarvan is gesoek na prediking wat sosiaal-etiese riglyne bied vir die transformasie van die sosiale en politieke orde. Volgens hierdie aksente moet die prediking horisontaal en selfs humanisties ingeklee word.

Sekularisasie het dus vir die prediking tweeledige negatiewe implikasies. Enersyds het die gees van sekularisasie mense se betrokkenheid by die geïnstitueerde kerk afgestomp. In Wes-Europa en die VSA is bewys dat kerklike betrokkenheid op 'n wye vlak afgeneem het (Edwards, 1987:285; Nel, 1994:16; Wuthnow, 1993:156). Daarmee moes die prediking invloed

inboet. Die toehoorders het eenvoudig minder geword. Andersyds het die proses die prediking self ook afgestomp en verhumanisties. De Klerk (1979:69) beskryf die proses in skerp taal wanneer hy dit “’n onheilige geknoei met die Woord” noem. Hy is reg wanneer hy daarby voeg: “Die aanpassing wat die ergernis-element van die evangelie wegneem, het dwarsdeur die eeue gelei tot ’n reduksie van die evangelie”. Die proses van sekularisasie het dus onbetrokkenheid by die geïnstitueerde kerk en ’n reduksie van die evangelie nagelaat. Omdat die hoorder vanuit hierdie lewens- en wêreldbeskoulike konteks die preek benader, het dit ruim bygedra tot die krisis van die hedendaagse prediking.

3.2 Die postmodernisme

As gevolg van die paradigroverskuiwing in die denke van die mens van die laat-twentigste eeu word die moderne tyd algaande vervang met ’n postmodernistiese periode (Bosch, 1991:349). Die belangrikste aspek van hierdie postmodernisme is die feit dat die rasionalisme sy impak begin verloor. Die positivisme van die modernisme is vervang met ’n historistiese lewensvisie. Dit is die gevolg van die feit dat lewens- en wêreldbeskoulike uitgangspunte erken word in wetenskapsbeoefening. Elke wetenskaplike benader die werklikheid vanuit ’n bepaalde paradigma (Kühn, 1970:44). Hierdie paradigma bepaal uiteindelik die resultate van wetenskapsbeoefening en laat vrae ontstaan oor die absoluteitheid van objektiwiteit en van waarheid. ’n Postmodernistiese lewensvisie gaan uit van die standpunt dat objektiewe wetenskapsbeoefening en ewige waarhede nie moontlik is nie. Die postmodernisme het hom hierin veral verset teen die rasionalisme van die moderne tyd.

Die paradigroverskuiwing van die modernistiese na die postmodernistiese periode het ook ’n direkte invloed op die leefwêreld van die mens (Knox, 1993:1). Die postmoderne mens ontken die voorrang van die intellektualistiese, die moontlikheid van objektiwiteit en die aanvaarding van ewige waarhede. Hy is geneig om die ‘waarhede’ van ander lewens- en wêreldbeskouings ook te erken. Hy is daarom meer verdraagsaam teenoor ander beskouings en uitgangspunte. Hy sien die waarheid as relatief en veranderlik.

Hierdie postmodernistiese lewenshouding het direkte konsekwensies vir die prediking. Enersyds temper dit die sekularistiese invloed van die

modernisme omdat dit aan geloof en godsdiens weer 'n staanplek gun. Omdat die rasonele relatief is, kan die irrasionele (godsdiens en geloof) weer geloofwaardig wees in die arena van menslike handeling. Die postmoderne mens is dus meer 'godsdiensvriendelik' en die groei van die godsdiens in die algemeen en die nuwe tendens van kerkgroei in die besonder benadruk hierdie feit (Gibbs, 1992:15) – maar dan gaan dit spesifiek om godsdiens wat die gevoels- en ervaringsveld van die mens betrek. Die godsdienssin van die postmoderne mens is daarom meer emosioneel as rasoneel ingeklee. Sy verwagting van die prediking verskil ingrypend van die moderne mens in dié sin dat sy aanvoeling nie lê by die dogmatiese of intellektuele aspek van die prediking nie, maar by dit wat die 'hart raak'. En in sy Christelike lewe verskuif die klem van dit wat hy konkreet as gelowige moet doen, na dit wat hy kan ervaar en beleef. Hierdie instelling bring leerstellige prediking in die gedrang en dra by tot die krisis wat die prediking vandag beleef.

Andersyds bevorder die postmodernistiese lewensbeskouing relativisme. Wat vandag waar is, kan môre vals wees, afhangende van die paradigma waaruit na die werklikheid gekyk word. Daarom kan, volgens dié beskouing, vaste waarhede nie meer gestel word nie. Vir die prediking het hierdie lewensbeskouing direkte implikasies want hiervolgens kan die prediking dus ook nie meer vaste waarhede verkondig nie. Prediking moet volgens hierdie siening verdraagsaamheid beoefen teenoor ander beskouings. Die Christelike godsdiens kan ook nie aanspraak maak op die feit dat dit die ware godsdiens is nie en die 'ware kerk' kan homself nie identifiseer en onderskei van die 'valse kerk' nie. Wat bly daar oor vir die prediker om te preek? Die antwoorde is duidelik. Hy kan slegs dit preek wat die mens se ervaring en gevoel betrek. Hy kan slegs 'n appèl maak op die emosie sonder om die geloof te bou met lewende heilswaarhede. Soos die modernisme met sy rasionalistiese aanslag, skep die postmodernisme 'n nuwe hoordersmilieu en dompel dus op 'n ander wyse die prediking in 'n nuwe krisis.

3.3 Die kubernetiese rewolusie

Die uitdrukking *kubernetiese rewolusie* word deur Stott (1982:64) gebruik om die radikale verandering te omskryf wat in die kommunikasietegniese ingetree het as gevolg van die elektroniese media. Kommunikasietegniese

het 'n rewolusie ondergaan. Toffler (1980:204) sien die koms van die elektronika as die aanbreek van die derde fase in die beskawings-ontwikkeling van die mens. Die eerste fase was toe die mens begin het om landbou te bedryf. Die tweede fase het begin met die Industriële Rewolusie. Die derde fase het begin met die ontwikkeling van die elektroniese wetenskap – “the third wave” (Toffler, 1980:139).

Die elektroniese media verander die mens se begripsvermoë en dit stel besondere eise aan die prediking wat 'n monologiese karakter het. Stott (1982:70) verduidelik die veranderinge so: In sy vroeë ontwikkeling het die mens in stamverband geleef. Dit het meegebring dat kommunikasie in groepsverband plaasgevind het. Vir kommunikasie in groepsverband moes die mens al sy sintuie inspan, naamlik gesig, gehoor, reuk, smaak en aanraking. Die gevolg was dat al hierdie sintuie gelyktydig ontwikkel het. Met die koms van die fonetiese alfabet moes die mens leer lees en skryf. Toe het die oog die dominante faktor in kommunikasie geword. Deur die koms van die televisie en ander moderne elektroniese apparaat is die gehoor en die gesig gestimuleer. Terselfdertyd het dit egter die behoefte aan deelname gestimuleer. Die mens sien byvoorbeeld oorlog op televisie, maar hy ervaar dit nie; dit is 'n werklikheid wat buite homself afspeel. Sodoende word hy afgestomp omdat sy ander sintuie nie opgeroep word nie, sy persepsie is onvolledig en belemmer.

Stott (1982:70) is gevolglik van oordeel dat die televisie die mens intellektueel onkrities, emosioneel onsensitief, psigologies verward en moreel gedisorienteer maak, sodat hy uiteindelik 'n onvermoë tot kommunikasie ontwikkel. In sy navorsing hieroor kom Runia (1983:8) min of meer tot dieselfde konklusie. Hy sê dat die uitvinding van die boekdrukkuns 'n groot verandering gebring het in die mens se vermoë om inligting te absorbeer. Die geskrewe woord het 'n bepaalde vorm van logika gestimuleer deurdat die logiese wyse waarop geskryf is die rasonele in die mens bevorder en die intuitiewe nie genoegsaam betrek het nie. Die Protestantisme met sy sterk klem op die prediking het in dieselfde tyd as die boekdrukkuns ontwikkel. Daarom het die prediking dieselfde kommunikasietrekkende vertoon as die skryfkuns. Runia (1983:8) sê in hierdie verband: “It too placed much emphasis on the logical, well developed argument and also appealed to mans’s rational rather than his intuitive faculty.”

Die elektroniese media het egter ook verandering in hierdie opsig gebring. Dié media bied baie stof aan die kyker, maar hy hoef nie meer lang gedokumenteerde argumente te absorbeer nie, want hy kan hier self 'deelneem' waaraan hy wil. Op hierdie wyse stomp die kyker se konsentrasievermoë af en soek hy liever selektiewe deelname as die passiewe aanhoor (lees) van inligting. Runia (1983:9) konkludeer:

It is no wonder that communication theorists who believe that this development will continue and even be speeded up by the electronic technology, have a rather low appreciation of the traditional sermon. It seems to belong to a past period. Like the book, it presents its case primarily in a logical sequential, linear fashion and appeals to the rational rather than the intuitive in man.

Die kubernetiese rewolusie het dus die tradisionele logiese en monologiese preek in die gedrang gebring. Die mens met sy afgestompte instinkte wil nie meer slegs aanhoor en toegesprek word nie. Hy wil deelneem, reageer en kritiseer. Hy wil meer dinamies deel wees van die kommunikasieproses.

3.4 Konklusie

Die milieu van die moderne mens dra dus veel by tot die hewige kritiek op prediking as sodanig (Vos, 1995:4). Die gesekulariseerde mens ontken die gesag van prediking omdat hy sy rug draai op die Woord van God. Die postmoderne mens is ingestel op die gevoelsmatige en intuïtiewe en voel hom ontuis by leerstellige of dogmatiese prediking. Hy is ook nie meer geneë om waarhede as absoluut en bindend te aanvaar nie en wil vashou aan die relatiewiteit van beginsels en norme. Die kubernetiese rewolusie stomp die mens sodanig af dat hy minder ontvanklik is vir eenrigting-prediking waarin hy geen aktiewe deelname kan hê nie.

Uit bogenoemde uiteensetting blyk dit dat die baie vrae wat rondom prediking gevra word, met erns bejeën moet word. Die primêre vraag is egter die vraag of dit prinsipiël korrek is om die mens met sy lewensbeskoulike belading as uitgangspunt vir die prediking te kies. Moet prediking radikaal vernuwe omdat die lewenskonteks verander? Dit bring egter onmiddellik ook die vraag na die Bybelse aard en karakter van die preek na vore. Wat sê die Bybel oor prediking? Wat is die onveranderlike

beginsels en wat kan na gelang van tyd en omstandighede verander word? Hierdie vrae kom vervolgens onder die soeklig.

4. Die gesag van prediking

As prediking slegs kommunikasie tussen mense was, sou vernuwing in prediking nie problematies gewees het nie. Dan kon die kommunikasie slegs aangepas word volgens sosiale veranderinge en die eise van die tyd. Prediking is egter veel meer as kommunikasie tussen mense – dit is selfs veel meer as blote kommunikasie. Prediking is die gesagvolle proklamasie van die koninkryk van God wat in Christus herstel is en wat vernuwend inwerk op alle menslike handeling. Hierdie gesag van die preek bepaal sy hele wese en dit sluit die inhoud sowel as die vorm in; daarom kan die mens en sy lewensbeskoulike belading nie as uitgangspunt gekies word nie. Tereg meld Pieterse (1985:6) hieroor:

Dit is daarom nodig om in die Nuwe Testament te gaan soek na die oorsprong van die Christelike prediking, omdat die Nuwe Testament die getuigenis is aangaande die grond en oorsprong van die Christelike geloof, naamlik Jesus Christus.

Runia (1983:19) onderskei ses sleutelwoorde in die Nuwe Testament wat as 'n omskrywing van prediking gebruik word. Hierdie woorde is onderskeidelik *κερυσσειν*, *εὐαγγελιζομαι*, *μαρτυρειν*, *διδασκειν*, *προφητευειν* en *παρακαλειν*. Dingemans (1991:37) lê klem op die begrippe *κερυγμα*, *διδαχη*, *μαρτυρειν* en *ὁμιλια*.

Pieterse (1985:8) sê dat die basiese elemente van prediking saamgevat kan word in die begrippe *κερυγμα*, *διδαχη* en *παρακλησε*. Hiermee gaan egter belangrike fyner nuanses van die gesag van prediking verlore – soos dit uit die verdere bespreking sal blyk. Die gebruik van Runia se onderskeiding gee 'n meer volledige weergawe van wat die Bybel oor prediking sê. Om die gesag van die prediking dus te omskryf, moet kortliks ingegaan word op elkeen van hierdie woorde soos deur Runia genoem.

4.1 Κερυσσειν

Die woord *κερυγμα* kom sewe keer in die Nuwe Testament voor en word meestal met verkondiging vertaal. *Κερυγμα* is 'n begrip wat dui op die daad van prediking sowel as die inhoud van prediking (Pop, 1964:418).

By die inhoud van die prediking wat deur dié woord aangedui word, gaan dit egter om iets besonders. Dit gaan om die prediking van die verlossing in Christus en sy heerskappy. Dié woord druk dus 'n gesagvolle afkondiging uit, dit wil sê 'n saak wat sonder sweem van teëspraak gestel word. Die element van dialoog oor die waarheid is hierby uitgesluit. Die woord impliseer proklamasie, die aankondiging van die heil in Christus wat vir 'n in sonde verlore wêreld gekom het (Ridderbos, 1971:44). Hierdie betekenis spreek veral uit 1 Korintiërs 1:21 wat lui: "Dit het God behaag om deur die dwaasheid van die prediking (κερυγμα) die wat glo, te red".

Pieterse (1985:8) omskryf die woord duidelik met sy stelling:

Kerugma is 'n proklamasie op gesag van dit wat eenmaal in Christus geskied het, hier en nou loodreg op die hoorder betrek. Wie hierdie boodskap in geloof aanvaar, word in sy hele lewe geheel. Kerugma beteken dat die eenmalige heil hier en nou loodreg op die man af geproklameer word as gerealiseer in jou lewe.

Die predikant moet in hierdie proses soveel as moontlik wegsyfer (Dingemans, 1991:27). Besonder treffend in die uitspraak van Pieterse is die gebruik van die term *loodreg*. Dit is presies wat *κερυγμα* is as 'n ondebateerbare monologiese waarheid wat aangekondig word. Hierdie element lê saam met die ander terme wat nog bespreek word inherent aan die begrip *prediking*.

4.2 Εὐαγγελισμοί

Die term *εὐαγγελισμοί* is nou verwant aan die begrip *εὐαγγελος* wat beteken 'bringer van goeie tyding' (Pop, 1964:143). Die boodskapper het gewoonlik na 'n oorlog die goeie tyding van oorwinning gebring. Die woord dui egter ook op enige ander goeie boodskap of tyding wat oorgedra word. Die woord is in die Septuaginta gebruik vir die Hebreeuse woord *בשר טוב* wat ook beteken om 'n goeie tyding te bring soos byvoorbeeld in 2 Samuel 1:20; 4:10; 1 Konings 1:42 en Psalm 68:12.

In die Nuwe Testament word die woord dikwels met 'verkondig' of 'prediking' vertaal. In 1 Tessalonisense 3:6 word dit egter ook in verband gebring met die bring van goeie tyding. Die grondbetekenis van die woord het dus te doen met die oordra van 'n goeie of blye tyding of boodskap.

Die beriggewer (εὐαγγελος) bring die boodskap van blydskap. Ook hierin is 'n monologiese element ingebou en die begrip *loodreg* soos dit deur Pieterse (1985:8) in ander verband gebruik word, is ook hier van toepassing. Die evangelie is 'n blye boodskap van verlossing in Christus – 'n boodskap wat aangekondig word aan mense wat deur die geloof die heil van Christus vir hulleself toeëien. Die gedagte vorm dus ook 'n belangrike element van die grondbetekenis van prediking.

4.3 Μαρτυρειν

Μαρτυρειν is afgelei van die woord μαρτυς wat 'n getuie in 'n regsak beteken. 'n Getuie is 'n persoon wat vertel wat hy persoonlik gesien en gehoor het van die saak wat aan die orde is (Pop, 1964:241). Die voorwaarde wat aan die getuie gestel word, is dat hy die waarheid moet praat. In terme van menslike getuienis oor Christus kan byvoorbeeld na Lukas 24:48 en Handeling 1:8 verwys word. In Handeling 1:8 sê Jesus: "Julle sal my getuie wees in Jerusalem, in die hele Judea en Samaria tot aan die eindes van die aarde." Hulle moet gaan en soos 'n getuie in 'n hof getuig aangaande die waarheid wat hulle van Jesus gesien en gehoor het.

Die getuienis is meestal oor iets positiefs, soos oor die opstanding van Christus (Hand. 4:33); die getuienis aangaande Christus (1 Kor. 1:6); die getuienis aangaande God (1 Kor. 2:1); die getuienis dat daar een God is en ook één middelaar tussen God en mense, die mens Jesus Christus wat hom as 'n losprys vir almal gegee het (1 Tim. 2:5). Toegepas op die prediking beteken hierdie aksent van prediking dat getuig word oor dit wat die Woord sê (Mead, 1993:12). Die getuie sê niks meer of niks minder nie; hy beoordeel, reduseer of bewys nie dit waaroor hy getuig nie; hy sê eenvoudig wat hy gehoor het uit die Woord. In hierdie opsig verskuif die getuie, die prediker op die agtergrond en dra hy dit oor wat God in die Woord aan hom openbaar. Getuie wees beteken daarom ook nie dialoog oor die waarheid of saamsoek na die waarheid nie. Die getuienisse is die weergawe van die waarheid wat die lof van God moet verkondig, geloof moet versterk en mense moet lei tot bekering.

4.4 Διδασκειν

Διδασκειν beteken 'om te leer' of 'om onderwys te gee' (Rengstorf, 1978:160; Dingemans, 1991:39). Die lering volg op die verkondiging. In

die verkondiging word Christus as Heer en Koning geproklameer; daarom moet 'n mens geleer word om "alles te onderhou wat Ek beveel het" (Matt. 28:18). Hieroor merk Pop (1964:369) die volgende op: Die leer van die dissipels het volstreekte gesag en dit sny alle relativisering en diskussie af. Voorts gee die lering dit deur wat reeds gespreek is, dit bevat die oorlewering wat van Jesus self kom. Die doel van die onderwysing is dat die gelowiges dit wat Christus gebied het, sal onderhou. Veral is die onderwys nie net gerig op die vermeerdering van kennis nie, maar het dit ten doel dat hulle iets sal doen. Die onderwysing moet motiverend wees tot 'n vroom, Christelike lewe. Om te begryp is ondergeskik aan die gehoorsaam wees aan die leer. Die onderwysing veronderstel ook die nuwe lewe wat via die doop onder die heilsame heerskappy van die Messias staan. Die mense moet dissipels van Christus gemaak word deur hulle aan die onderrig van die apostels te onderwerp.

In die boek Handeling word verkondiging en lering dikwels in een sin genoem (Hand. 5:42; 15:35, 20:20 en 28:31) – 'n handelswyse wat die optrede van die apostels gekenmerk het. Pop (1964:369) maak egter hierin ook 'n belangrike onderskeid. Hy sê die verkondiging geskied met betrekking tot die groot heilsdade van God in die Messias Jesus, heilsdade van verlede, hede en toekoms; dit wil die hoorders laat hoor en is 'n appèl op die oor en die oog. Die lering daarteenoor het betrekking op wat God wil, dit wat gedoen moet word en is 'n appèl op die wil. Die verkondiging vra geloof, die onderwysing vra gehoorsaamheid.

Uitgaande van die uiteensetting van Pop kan dus gekonkludeer word dat die onderwysing die element van vertolking bevat. Die verkondiging (κηρυσσειν) kom, soos reeds gesê, loodreg op die mens af, en lering vereis vertolking van die afgekondigde heilswaarhede. In hierdie opsig het prediking dus 'n vertolkende element. Jonker (1976:48) sê tereg:

In alle Skrifprediking het ons te make met 'n vertolkingsaktiwiteit. As die prediker sy eie gedagtes sou verkondig of allerlei interessante informasie aan die gemeente sou deurgee, sou daar nie van vertolking sprake wees nie. Juis die feit dat hy aan 'n bepaalde Skrifteks gebonde is en tot opdrag het om daardie teks in sy betekenis vir die versamelde gemeente bloot te lê, maak vertolking noodsaaklik.

Die beskrywing van prediking as, onder andere διδασκειν, bring dus die vertolkingselement in die prediking na vore.

4.5 Προφειτευειν

Προφειτευειν wys op die profetiese aspek van prediking. Die profetisme was 'n tipiese verskynsel van die Ou Testament. In die Nuwe Testament het hierdie verskynsel herleef. Jesus is gehuldig as 'n profeet as gevolg van verkondiging en lering en die wonders wat hy gedoen het. Die profetisme het daarna 'n kenmerk van die vroeë Christendom geword. In die vroeë kerk van die Nuwe Testament is die profesie beskou as 'n gawe wat aan die gemeente gegee is tot opbou en versterking.

'n Baie belangrike aspek van die profetisme as 'n gawe was verstaanbaarheid. Napier (1962:919) merk op: "For Paul, prophecy was one of God's greatest gifts to the church for edification ... By prophecy Paul understands intelligible preaching that builds up the church in faith". Die gawe van profesie was die vermoë om die getuienisse van Jesus na te speur en dit op verstaanbare wyse aan die gemeente oor te dra tot groei en opbou van die gelowiges.

Soos by διδασκειν impliseer prediking as profesie dus ook die element van vertolking. Die openbaring van God in die Skrif moet nagevors word, sodat die heilswaarhede duidelik ontbloom word en aan die gemeente oorgedra kan word. In die vertolking speel belangrike hermeneutiese reëls 'n rol:

- * Die kultuurhistoriese agtergrond moet verstaan word.
- * Die Skrif moet met die Skrif vergelyk word.
- * Die openbaringshistoriese lyne moet duidelik getrek word.

Die Skrifdeel waaroor gepreek word, kan slegs verstaan word teen die agtergrond van die kultuurhistoriese milieu en openbaringshistoriese geheel, anders word die vertolking lukraak en verval die profetiese element daarvan. Dat prediking profesie is, beteken dat die prediking die heilswaarhede binne geheelverband blootlê en oordra aan die gemeente tot opbou van die gelowiges. Die profetiese aard van prediking gee 'n besondere eie karakter aan die gesag van prediking.

4.6 Παρακαλειν

Die woord παρακαλειν het in Hellenistiese Grieks 'n wye reeks betekenis gehad. In die Nuwe Testament word die woord egter ten

opsigte van die prediking saamgetrek in die begrippe *vertrous* en *vermaan* (Schmitz, 1978:799). Albei begrippe word in hierdie sin egter gefundeer in die oproep tot redding en verlossing. Op grond van die reddende genade van God en die verlossingswerk van Christus kan gelowiges vertrous en vermaan word.

Die vertroosting is gerig op die kennis van die inhoud van die weldade van die kruis. vertroosting in die prediking rus nie op menslike wysheid en besondere insigte nie; dit rus daarin dat die troossoekende se oë gevestig word op die kruis van Christus en dit wat deur die geloof toegeëien kan word. Alleen Christus se heilsweldade bied vertroosting en dit is daardie vertroosting wat deur die παρακαλειν uitgedruk word.

Dieselfde geld wanneer die woord gebruik word om vermaning uit te druk. Die maatstaf vir die vermaning is die etiese beginsels wat deur die heil in Christus daargestel word. Die prediker vermaan nie op grond van universele morele kodes nie, maar op grond van die leer en lewe wat die vrug is van die verlossing.

Παρακαλειν het dus in wese ook 'n loodregte dimensie. Dit gaan nie om wat die prediker voordra as etiese lewensreëls nie, maar om wat hy oordra as die eis wat die heil in Christus vir die mens inhou. In hierdie verband staan die woord in noue verband met die begrip κερυγμα.

4.7 Konklusie

Bogenoemde terme wat die Bybel gebruik om prediking te beskryf staan nie los van mekaar, onafhanklik of teenoor mekaar nie. Dit dui ook nie op soorte preke wat in verskillende tye gepreek is, soos Dingemans (1991:40) beweer nie. Hierdie terme belig die veelkantigheid van die preek. Elke preek bevat elemente van elkeen van hierdie kernwoorde. Uit die woorde waarmee prediking in die Nuwe Testament beskrywe word, blyk dit dat die vertikale dimensie sentraal staan. Prediking is God wat proklameer, wat in Christus die goeie tyding bring, wat die inhoud bepaal, wat deur sy Gees leer en onderrig en wat op grond van sy reddende genade mense vertrous en vermaan (Bieritz, 1990:65).

Bogenoemde terme omskryf dus die onveranderlike in prediking en die feit dat prediking rus in geloof (Böhren, 1974:49). Wanneer gepraat word oor vernuwing in die prediking kan dit wat die Bybel met hierdie woorde oor

prediking sê, myns insiens nie ter sprake kom nie, want hierdie woorde druk die onveranderlike in prediking uit. Hierdie woorde en begrippe vat die kern van prediking saam en wie dit in 'n poging tot vernuwung aantas, sal juis die prediking in sy wese deformeer. Wat nodig is, is juis reformasie van die prediking sodat die kernwoorde soos in bogenoemde terme uitgedruk word, tot hulle volle reg kom. Wanneer die kerugmatiese, die ewangeliese, die getuieniskarakter, die leeraspek, die profetiese, die vertroostende en vermanende element voluit op die basis van die genade in Christus funksioneer, dan is daar sprake van lewende prediking wat vir alle tye relevant is.

Die krisis van die prediking moet enersyds in die gebrek aan duidelike defmiesies, soos omskryf in die sleutelwoorde, gesoek word. Die vraag is dan: Voldoen prediking vandag nog aan bogenoemde Bybelse eise vir prediking? Word die gesag van prediking beklemtoon? Het prediking onder invloed van die mens se konteks as uitgangspunt nie te veel verval in oppervlakkige moralisme, 'n inleiding tot spirituele belewing, starre rasionalisme of 'n blote appèl tot aksiedrif nie? In al dié vorme word die wesenselemente van prediking vereensydig en verwaarloos. Sulke prediking kan mense nie raak nie, omdat die gesag van die prediking nie meer funksioneer nie. Tog is die milieu van die mens belangrik, soos uit die geskiedenis bewys word. As dit nie die uitgangspunt kan wees nie, hoe moet dit gehanteer word? Hierop word ten slotte ingegaan.

5. Die konteks van die prediking

Prediking is brugbou vanaf die teks na die mens in sy situasie (Stott, 1982:135; Bunnens, 1990:139). Die teks in sy volle betekenis en met sy volle drakrag moet immers ingeplant word in die lewe van die moderne mens. 'n Brug is stewig wanneer albei kante stewig gefundeer is. Vrey en Venter (1994:538) betoog tereg dat "Sowel die werklikheid van die Woord as die werklikheid van die lidmate moet ernstig bejeën word deur die prediker wanneer hy preke maak". Prediking wat voldoen aan die Bybelse eise vir prediking maar dan oor mense heen sweef is nie prediking van die Woord nie. Prediking kom immers loodreg op mense af. God wil kom tot die mens in sy nood. Hy wil sy heilstoesegging laat opvolg met heilstoëiening. Hoewel die mens met sy konteks nie die uitgangspunt kan wees nie, is hy wel die mikpunt.

Brugbouprediking of *loodregte* prediking is slegs moontlik as die prediker hierdie mikpunt, dit wil sê, die lewensituasie van die mense vir wie hy preek, ken. Wanneer dit nie die geval is nie, loop die prediker 'n gevaar en hieroor merk Müller (1961:222) tereg op:

Hierdie gevaar lê in alle teksprediking, maar wat die werklikheid waarin die teks uitgeroep word, verwaarloos of negeer. Die Skrif word dan verkondig vanuit 'n probleemlose afstand ten opsigte van die fatale probleme van die hede (of ten opsigte van die 'probleemloosheid' waarin die outonome mens dink hy bestaan).

Vroeër is gestel dat die krisis van die prediking vandag bevorder word deur die gees van sekularisasie, die invloed van 'n postmodernistiese lewens- en wêreldbeskouing en die kubernetiese rewolusie. Elkeen van hierdie tendense maak op sy manier die mens minder ontvanklik en meer krities teenoor die prediking. Die antwoord hierop lê egter, soos reeds gesê is, nie in 'n radikale vernuwung van die wesenselemente van prediking nie. Die antwoord lê in begrip vir die hedendaagse gelowige wat (dikwels teen sy sin) deur hierdie magte geslyp word.

Die prediking moet onbevange met die sekularisasieproses in gesprek tree. Die gelowiges moet deur die gesagvolle prediking opgeroep word tot antitese met die gees van die tyd. Alle lewensgebiede moet betrek word. In hierdie opsig moet die prediker egter waak teen 'goedkoop' antwoorde. Soos wat hy kundig die Woord uitleë, moet die predikant ook kundig die situasie verstaan en betrek. Baie preke gaan mank aan hierdie vereiste – en dit dra by tot 'n negatiewe ontvangs van die preek.

Die postmodernistiese lewens- en wêreldbeskouing stel baie hoë vereistes aan die prediking. Dié stroming relativeer waarheid terwyl die prediking juis vaste waarhede wil oordra. Gesagvolle prediking kan immers nie anders as om pertinent en onomwonde die waarheid van *in Christus alleen* en *deur die geloof alleen* te stel nie. Ook in hierdie opsig moet die predikant nie terugdeins vir antitese nie. Om relativisme te probeer akkommodeer, maak die prediking halfhartig en onbetroubaar. Die geskiedenis leer dat juis halfhartige en onbetroubare prediking uiteindelik lei tot 'n geloofwaardigheidskrisis vir die kerk (Jonker, 1963:147). Die kubernetiese rewolusie het die tradisionele kommunikasie van die preek in 'n moderne milieu bemoeilik en hiermee moet die prediker rekening hou. Dit is veral die monologiese aard van die preek wat in die gedrang kom.

Sonder om afbreuk te doen aan die vertikale dimensie van prediking kan veel meer met moderne kommunikasie-middele gedoen word om die kommunikasiewaarde van die preek te verhoog. Pieterse (1988:108) het in hierdie verband reeds waardevolle en rigtinggewende werk gedoen. Hy het aangetoon dat kommunikasiemetodes vernuwe kan word ten einde beter te kommunikeer in 'n nuwe konteks. Sonder om die stigtelikheid en ordelikheid van die prediking in gedrang te bring, kan visuele hulpmiddels soos 'n truprojektor, skriftelike opsommings van die preek en preekbesprekings na die erediens die kommunikasiewaarde baie verhoog. In hierdie opsig is vernuwing noodsaaklik (Rossouw, 1993:898), maar hierdie vernuwing moet ondergeskik bly aan die gesagvolle duidelike prediking van die evangelie-inhoud (Du Toit, 1992:473).

6. Samevatting

Prediking is die polsslug van die bestaan van die kerk waaraan die geestelike gesondheidstoestand van die kerk gemeet kan word. Dat prediking vandag in die gedrang is, is seker. Die vraag is: Moet prediking vernuwe word omdat die mens verander? 'n Saak kan wel uitgemaak word vir vernuwing in kommunikasiestyl, maar die wese van prediking as die loodregte spreke van God aan 'n sondaarmens kan nie vernuwe word nie. Hierdie loodregte spreke moet veel eerder herstel word; reformasie ten opsigte van die wese van prediking is dus noodsaaklik. In plaas van moralistiese praatjies, opswepende gevoelstaal, starre leerrede of poëtiese kungrepe moet die wese van prediking, soos uitgelê deur sleutelwoorde in die Skrif, weer tot sy reg kom. Dit is God wat sy reddende genade aankondig, die koningskap van Christus proklameer en die troos van die Heilige Gees toebedeel. Dié waarhede moet gerig wees op die mens in sy situasie – die mens met sy lewensbeskoulike belading. Gesagvolle prediking met die regte mikpunt sal relevant wees vir enige mens in enige situasie.

Bibliografie

- BARKLEY, A. 1990. The Value of Church History in Preaching. *Vox Reformata*, 54(1):4-12.
- BÖHREN, R. 1974. Predigtlehre. München : Christliche Kaiser Verlag.
- BOSCH, D.J. 1991. Transforming Mission. Paradigm. Shifts in Theology of Mission. New York : Mary-Knoll.

- BIERITZ, K. 1990. Predigt und rhetorische Kommunikation. (In Bieritz, K. red. Handbuch der Predigt. Berlin : Evangelische Verlagsanstalt. p. 63-98.)
- BRIGHT, J. 1977. The Authority of the Old Testament. London : S.C.M. Press.
- BULTMANN, R. 1967. Jezus Christus en de mythe. Amsterdam : Ten Have.
- BUNNERS, C. 1990. Die Hörer. (In Bieritz, K. red. Handbuch der Predigt. Berlin : Evangelische Verlagsanstalt. p. 137-182.)
- CALVYN, J. 1949. Institutie, of onderwysing in de christelike godsdienst. Deel 3. Delft : Meinema.
- CAIRNS, E.E. 1982. Christianity through the Centuries. Grand Rapids : Zondervan Publishing House.
- DARGAN, E.C. 1974a. A History of Preaching. Volume 1. Grand Rapids : Baker Book House.
- DARGAN, E.C. 1974b. A History of Preaching. Volume 2. Grand Rapids : Baker Book House.
- DEKKER, W. 1991. Prediking in een tijd van godsverduistering. *Theologia Reformata*, 34(2):135-150, Junie.
- DE KLERK, J.J. e.a. 1979. Evangelistiek. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.
- DINGEMANS, G.D.J. 1991. Als hoorder onder de hoorders. Een hermeneutiese homiletiek. Kampen : Kok.
- DU TOIT, A.B. 1992. Retoriek, retoriese analise en prediking. *In die Skriflig*, 26(4):465-477, Des.
- EDWARDS, D.L. 1987. The Futures of Christianity. London : Hodder and Stoughton.
- FARLEY, E. 1990. The Modernist Element in Protestantism. *Theology Today*, 57(2):131-148.
- GIBBS, E. 1992. I Believe in Church Growth. London : Hodder and Stoughton.
- HEYNS, J.A. 1969. Sterwende Christendom, 'n teologie in die greep van die tydsees. Kaapstad : Tafelberg.
- JONKER, H. 1963. De prediking als polair gebeuren. (In Jonker, H. e.a. Actuele prediking. Nijkerk : Callenbach. p. 11-143.)
- JONKER, W.D. 1976. Die Woord as opdrag. Pretoria : NG Kerkboekhandel.
- KNOX, C. 1993. Changing Christian Paradigms and Their Implications for Modern Thought. New York : Brill.
- KÜHN, T.S. 1970. The Structure of Scientific Revolutions. Chicago : The University of Chicago Press.
- LATOURETTE, K.S. 1953. A History of Christianity. Londen : Harper and Row.

- MARTIN, A.N. 1967. What 's Wrong with Preaching Today? Grand Rapids, Michigan : Reformed Fellowship Inc.
- MEAD, L.B. 1993. The Once and Future Church. Reinventing the Congregation for a New Mission Frontier. New York : The Alban Institute.
- MÜLLER, B.A. 1961. Die lewende Woord aan die mens van die hede. Zaandijk : Heijnis.
- NAPIER, B.D. 1962. Prophet in the New Testament. (*In* Butrick G.A. ed. The Interpreters Dictionary of the Bible. Volume 3. New York : Abingdon Press. p. 919-920.)
- NEL, M. 1994. Gemeentebou. Halfway House : Orion Uitgewers.
- PANNENBERG, W. 1988. Christianity in a Secularised World. London : S.C.M. Press.
- PIETERSE, H.J.C. 1985. Verwoording en prediking. Transvaal : N.G. Kerkboekhandel.
- PIETERSE, H.J.C. 1988. Die Woord in die werklikheid. 'n Teologie van die prediking. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel.
- POP, F.J. 1964. Bijbelse woorde en hun geheim, verklaring van een aantal Bijbelse woorde. s'Gravenhage : Boekencentrum, N.V.
- RENGSTORF, K.H. 1978. *Didaskalia*. (*In* Kittel, G. ed. Theological Dictionary of the New Testament. Volume 2. Grand Rapids : Eerdmans. p. 160-165.)
- RIDDERBOS, H. 1971. Paulus. Ontwerp van zijn theologie. Kampen : Kok.
- RIES, J. 1961. Krisis und Erneuerung der Predigt. Frankfurt am Main : Verlag Josef Knecht.
- ROSSOUW, G.J. 1993. Theology in a Postmodern Culture: Ten Challenges. *Hervormde Teologiese Studies*, 49(4):894-907, Nov.
- RUNIA, K. 1981. Heeft preken nog zin. Kampen : Kok.
- RUNIA, K. 1983. The Sermon under Attack. Exeter : The Paternoster Press.
- SCHMITZ, O. 1978. *Parakaleio* and *paraklesis* in the New Testament. (*In* Kittel, G. ed. Theological Dictionary of the New Testament. Grand Rapids, Michigan: Eerdmans. p. 793-799.)
- SMITH, D.L. 1992. A Handbook of Contemporary Theology. Wheaton : SP Publications.
- SMITH, G.C. 1985. The Seeds of Secularization. Calvinism, Culture and Pluralism in America 1870-1915. Grand Rapids : Eerdmans.
- STOTT, J.R.W. 1982. I Believe in Preaching. London : Hodder and Stoughton.
- THIELICKE, H. 1965. The Trouble with the Church. A Call for Renewal. Grand Rapids : Baker Book House.
- TOFFLER, A. 1980. The Third Wave. London : William Callius.

- VAN RIESSEN, H. 1953. De maatschappij der toekomst. Franeker : Wever.
- VORSTER, J.M. 1981. Die kerk en die kleurvraagstuk vandag. Johannesburg : De Jongh Uitgewers.
- VOS, C.J.A. 1995. Die blye tyding. Homiletiek uit 'n hermeneuties-kommunikatiewe perspektief. Pretoria : Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.
- VREY, C.C.A & VENTER, C.J.H. 1994. Kommunikasiegebeure en prediking. Antieke en moderne pragmatiek in die preekmaakproses. *In die Skriflig*, 28(4):527-541, Des.
- WALKER, W. 1992. A History of the Christian Church. Edinburgh : Clark.
- WINTER, F. 1974. Die Predigt. (*In* Jensen, H. red. Handbuch der Praktischen Theologie. Vol. 2. Berlin : Evangelische Verlagsanstalt. p. 197-312.)
- WUTHNOW, R. 1993. Christianity in the Twenty-First Century. Reflections on the Challenges Ahead. Oxford : Oxford University Press.